DRAKENSBERGER · DIE WINSBEES · THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

## DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Augustus 2026

Kinderjare. Groot respek gehad vir die polisie, met die sirenes. Daardie klank, jy hoor dit van ver af. Die eerste gedagte was om te dink wat jy miskien/moontlik verkeerd gedoen het! Daar was altyd iets waaraan ek gedink het. Wie het stories aangedra? Is dit Piet of Gert of Moller? Seker weer Moller, hy is so half geheimsinnig. Sy pa ook. Maar die sisteem was effektief, daar was nagevolge as jy 'gevang' word. Dit was iets ergs, iets groots, of 'n skande of 'hy kry nou wat hy verdien'. Een skelm minder, ons gaan met vertroue voort. Dit is ONS land.

Televisie het in die huise ingekom, daar is gekyk tot 'die vlaggie waai'. Na die nuus op TV was die kennisgewing van soldate wat op die grens gesterf het. Vir ONS land, vir mekaar, in opdrag van die beleid van die dag. Weermaglede het langs die pad gestaan/geryloop en is spoedig opgelaai. Uit erkenning, uit dankbaarheid vir wat hulle doen om die land veilig te hou. Wat nou?

Die Skerpioene was 'n eenheid in die wet en orde sisteem, wat met hoë agting bejeën is. As die Skerpioene die saak ondersoek, SAL die skuldiges gevind word en aan die pen ry. Dankie tog daarvoor – die land word skoner gemaak van dit wat ons nie nodig het nie.

Die Skerpioene word weggemaak en maak plek vir IDAC! Geheime besluite, die mense van die land hoor dit en gaan aan met hulle daaglikse take, min gedagte oor die effektiwiteit van wat getoon word om 'n absolute korrupte, verpolitiseerde prutpot van slu kaders te wees. Die regsisteem is onder beleg, die implikasies strek ver terug, vorige sake wat redelik gefundeerd was, se regsbeginsels is twyfelagtig gemaak. Skokkend.

Die Drakensbergerbees is so oud soos die land se geskiedenis, met 'n moeilike maar eerlike pad. Die diere is verbeter, eers meer melk, toe die volgehoue fokus op meer vleis. Soveel so dat te sterk vleiseienskappe (die miostatiendraers ) skepties benader word. Die koeie sorg vir hulle kalwers, die speenkalfpryse is goed, die eienaars is steeds tevrede. Die volgende verbetering is hoe? Ideale bul? Bes moontlik. Die afgelope paar Drakensbergerveilings is aanduidend van entoesiasme en, alhoewel dit 'n teleurstelling is om 'n besluit te neem om boerdery te staak, is dit wonderlik om te deel in die sukses van Jan en Elna Dhooge. Welverdiend Jan en Elna, julle is die toonbeeld van trots en vertroue in die Drakensberger as ras. Naderende veilings bied geleentheid vir groei, die geleenthed eis daar.

Drakensbergers word oud, dit is 'n reuse finansiële voordeel deur minder vervangingsverse te hou, wat nog nie 'n bewese kalfrekord het nie.

Vertroue in bestaande strukture is aan die wankel, elke boer se pad word smaller en meer uitdagend. Die kern van die sukses vir ons as beesboere is die Drakensberger, waarop soveel vertroue geplaas word, met reg ook. Ook vertroue in mede-Drakensbergertelers, ons het iets in gemeen. Ons moet onsself omring deur mense wat 'n gemeenskaplike belang het en daardeur positiwiteit opwek.

Vertrou op die Here – Hy is in beheer. Groot woorde wat deur 'n groot gees gesê is; Oom Danie Bosman. Wat 'n voorreg was dit nie om hom te beleef het nie.

Mooi loop.

JF



## Met dank aan **Black Fox Drakensbergers**, ons Augustus-borg




# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: Black Fox | 2 |
| Nuusbrokkies | 3-4 |
| Ontmoet die Raad | 5-8 |
| Die genetika van sagtheid | 9-10 |
| AJP Mostert & Seuns | 11-12 |
| IDTrax Gebruikersgids | 13-14 |
| Rietkol - Nuwe eienaars | 15-16 |
| RMIS Platform | 17-18 |
| Borge | 19 |
| Voerkraalnommers | 20-21 |
| Stoettelers | 22-23 |




# Nuusbrokkies

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Augustus verjaar:

- 4 Augustus - Johannes Retief
- 9 Augustus - Hannes Dreyer
- 16 Augustus - Edward Wesley Abourizk
- 22 Augustus - Monja Esterhuizen
- 26 Augustus - Victor Roos
- 26 Augustus - Frik Roux
- 30 Augustus - Johann Fourie

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## FOTO-VRYDAG



Het jy 'n mooi foto van jou Drakensbergers wat jy graag met ons wil deel? Stuur dit asseblief na drakensberger@studbook.co.za
Ons wil graag op Vrydae Drakensbergerfoto's deel op ons sosiale media.

## Unistel DNA-toetse

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.) |
|---|---|
| Normale prys vir 2026 < 30 | R 282.56 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 268.43 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 261.36 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 254.30 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.

## BELANGRIK:

WhatsApp het ons DRB SA broadcast nuusgroep verander na 'n betaalde diens en dus verander ons na 'n gewone WhatsApp-groep.
Indien jy graag ons amptelike nuus wil ontvang soos voorheen, sluit asb aan met die skakel:
https://chat.whatsapp.com/LZrhtyvd-jr42I0ATZ1tRCr

## KUIER SAAM OP ONS Sosiale media

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/





## MET JOU HART OP JOU MOU

***Hierdie mooie dames is Nicola Boukes en Bianca van Metzinger, trots in hul Drakensbergertruie. Maak 'n draai op ons webbladwinkel om joune te bestel.***

# NASIONALE VEILING EERS WEER IN 2027

Die Drakensberger Beestelersgenootskap wil graag elke teler hartlik bedank wat die onlangse meningspeiling rakende die moontlike Nasionale Veiling op 22 Oktober 2026 voltooi het.

Soos almal bewus is, het die Bek-en-klouseer-uitbrekings regoor Suid-Afrika vanjaar se veilingbeplanning ingrypend beïnvloed. Ná deeglike oorweging van die terugvoer van telers en die beskikbare veilings geleenthede vir die res van die jaar, is besluit om eerder die Drakensberger Nasionale Veiling weer op sy gebruiklike tyd in Junie 2027 by die Afridome in Parys aan te bied.

Ons versoek telers wat hul topdiere vir die beplande Oktober-veiling teruggehou het, om dit, waar moontlik, vir die Nasionale Veiling in Junie 2027 beskikbaar te hou. Dit bied ons die geleentheid om weer die beste Drakensberger-genetika van regoor die land bymekaar te bring en die ras se genetiese vooruitgang verder te bevorder.

Hoewel vanjaar se omstandighede buite ons beheer was, bly die doel van die Nasionale Veiling onveranderd: om topgehalte Drakensberger-genetika aan te bied en die ras verder te versterk. Ons sien daarna uit om u en u beste diere in Junie 2027 te verwelkom.

Indien u enige navrae het, kontak gerus die Genootskap se kantoor.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

BGP2-fondse vir jaar 3 is goedgekeur en deur die befondser uitbetaal.

Vir die derde en laaste jaar van BGP2 sal die befondser genomiese toetse subsidieer met R420-00.

SA Stamboek sal 'n addisionele subsidie van R104-00 aan SA Stamboek-telers toeken.

Dus beloop die totale koste vir die teler R549-00, BTW uitgesluit.

Daar is geen afwykings van die oorspronklike BGP2-voorstel soos goedgekeur aan die begin van die 3-jaarprojek nie.

SA Stamboek is gereed en wag op monsters vir jaar 3 van BGP2.

Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.



# ONTMOET DIE RAAD



**Wie is jy?**
Johann Fourie

**Waar boer jy?**
Noordwes provinsie, Klerksdorp en Tosca distrik.

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Somer as dit reeds gereën het, dan is daar verwagting vir lewe en die brandrisiko is hopelik minder.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Dat Drakensbergerkoeie NA die geluid van jakkalse toe gaan, met spoed, met die doel om die verpesting te vermoor. Nogeens bewys van Drakensbergers se besondere vermoë om kalwers groot te maak.



**Wie is jy?**
Henk Delport

**Waar boer jy?**
Ficksburg

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Alhoewel lente die lekkerste seisoen is met nuwe lewe na 'n vaal winter is Herfs die mooiste met die bome wat se blare geverf word in goue kleure en die diere op hul beste vertoon.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Die les wat ek geleer het is om 'n medeteler te identifiseer wat jou taal praat en 'n pad met hom te stap, genetika uit te ruil en lekker opbouende gesprekke te voer.



**Wie is jy?**
Udo Beneke

**Waar boer jy?**
Boer op ons familieplaas naby Luneburg, 'n Duitse dorpie geleë tussen Wakkerstroom en Paulpietersburg.

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Tyd na die eerste lentereëns, as die meeste weidings gebrand is en nuwe groen gras uitgeloop het. Lekker om die koeie met hulle klein kalfies op die groen weidings te kan sit.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Die Drakensberger het al oor generasies bewys dat hulle onder enige omstandighede kan floreer. Hou dit eenvoudig en bly by die ras wat jou nooit gaan teleurstel nie.



# ONTMOET DIE RAAD



### Wie is jy?

Ek is Jean van der Merwe. Ek is in Kimberley gebore, daar gebly vir 4 jaar, het in Roodepoort grootgeword, en woon tans in Potchefstroom. Van kleins af het ek 'n liefde vir boerdery ontwikkel deur vakansies op my ooms se plase deur te bring. Ek werk as ingenieur by 'n ingenieursmaatskappy in Potchefstroom, maar my passie vir die landbou en veral die Drakensbergerras bly 'n belangrike deel van my lewe. Met die stoetteling kan ek my liefde vir statistiek, stelsels, meting en die wonder van die natuur uitleef deur met ons inheemse Drakensbergers te boer en te teel.

### Waar boer jy?

Ek boer net buite Potchefstroom saam met Willie Landman, waar ons saam fokus op die teel van funksionele, vrugbare en aangepaste Drakensbergerbeeste.

### Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.

Lente is beslis my gunstelingseisoen. Ná die winter begin die veld weer groen word, nuwe lewe is oral sigbaar en die warmer temperature bring die belofte van reën. Dit is 'n seisoen wat hoop, groei en nuwe begin simboliseer.

### Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?

Een van die grootste lesse wat ek geleer het, is dat 'n mens ongelooflik baie kan leer deur met mede-telers te gesels, vrae te vra en ervarings te deel. Niemand het al die antwoorde nie, maar saam groei ons almal.

Ek wil ook elke teler aanmoedig om betrokke te raak by die Genootskap. Deur deel te wees van die aktiwiteite en gesprekke bly jy ingelig, dra jy by tot die ontwikkeling van die ras en bou jy waardevolle verhoudings. Die nuwe vriendskappe en netwerk wat daaruit ontstaan, is 'n bonus wat ek nie sou wou misloop nie.



# ONTMOET DIE RAAD



**Wie is jy?** Liesel Foster

**Waar boer jy?** Zastron in die Suid-Oos Vrystaat

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Herfs. April en die eerste helfte van Mei het die beste weer. Dit is ook wanneer die blare begin verkleur en is die goudgeel *Lombardi*-populiere prentjiemooi in die Vrystaat.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Kry 'n lening en koop daai bees, jy gaan nooit huurgrond of 'n nuwe plaas uit jou eie kudde vol 'gestock' kry nie.



**Wie is jy?** Willie Watermeyer

**Waar boer jy?** Boer in die Volksrust omgewing

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Lente: want dit is waar als weer begin, kalf, lam en plan seisoen en die gras weer begin groei.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Hou dinge eenvoudig en moet nie agter modes aan harloop nie.



**Wie is jy?**
Ek is Willie Landman. ‘n Meganiese Ingenieur van beroep. Ons woon sedert 2001 in Potchefstroom. Ek is getroud met Ilze en ons het twee seuns, Martin en Wian.

**Waar boer jy?**
Ek en Jean bedryf die Black Hills kudde tussen Potchefstroom en Parys sedert 2009. Ons streef daarna om aangepaste, vrugbare diere te teel wat ‘n ekonomiese impak maak by ons kliente.

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Herfs is vir my die mooiste seisoen van die jaar op die plaas. Die diere se kondisie is gewoonlik goed na die somer en daar is soveel verskillende kleure in die veld soos die bome se blare verkleur.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
Besluit op ‘n teelbeleid en hou daarby. Die genetiese veranderinge in ‘n kudde gebeur oor baie jare. Gereelde veranderinge daaraan laat jou in sirkels beweeg. Gebruik elke moontlike hulpmiddel om seleksie-besluite te neem en meet die vordering.



# ONTMOET DIE RAAD



**Wie is jy?**
John-Paul (JP) Theunissen, voltydse ingenieur met 'n passie vir boerdery en beeste

**Waar boer jy?**
Gemengde boerdery buite Koppies FS.

**Noem jou gunsteling seisoen op jou plaas, en hoekom.**
Lente en vroeë somer is my gunsteling tyd van die jaar op die plaas. Dit gaan nie net oor die veld wat weer begin bot en groen word ná die winter nie; hierdie seisoen bring ook die volgende generasie van ons genetika na vore.
Kalftyd is 'n besondere tyd wat met groot opgewondenheid en afwagting gepaard gaan. Dit is die oomblik wanneer die besluite en beplanning van die vorige seisoen tasbare resultate begin oplewer. Elke nuwe kalf verteenwoordig die vrug van doelgerigte genetiese keuses en bied 'n blik op die toekoms van die kudde.
Vir my is daar min dinge wat die opwinding van 'n nuwe kalfseisoen kan ewenaar – dit is 'n tyd van vernuwing, moontlikhede en die beloning van deurdagte besluite.

**Watter les sal jy graag met ander Drakensbergerboere deel?**
As ek een les moet noem, is dit eenvoudig: boer met Drakensbergerbeeste!
Op 'n ernstiger noot het ek nie noodwendig 'n les om te deel nie, maar eerder raad wat my bygebly het nadat Oom Danie Bosman dit tydens 'n inligtingsdag gedeel het. Hy het gesê: "As jy goeie vordering in jou kudde wil maak, moet jy vir jou beeste môre sê en náand sê."
Daardie eenvoudige woorde beklemtoon vir my die belangrikheid van betrokkenheid. Geen hoeveelheid genetika, tegnologie of beplanning kan die waarde van daaglikse waarneming vervang nie. Deur gereeld tussen jou beeste te wees, leer jy hulle ken, sien jy probleme vroeg raak en neem jy beter bestuursbesluite.
Goeie beesboerdery begin uiteindelik by die boer wat tyd saam met sy kudde deurbring.



# Die Genetika van Sagtheid:

## ’n Nuwe Hulpmiddel vir Suid-Afrikaanse Vleisbeestelers

*Hannah Kruger & Jason Reding – SA Stamboek*

Vir enige beesboer is die uiteindelike doel om ’n dier te teel wat uitstekend op die plaas presteer én ’n produk van topgehalte aan die verbruiker lewer. Hoewel ons dikwels op groeitempo en speengewig fokus, is dit die eetkwaliteit – en spesifiek vleissagtheid – wat kliënte keer op keer na die slaghuis laat terugkeer.

’n Studie deur Basson *et al.* (2022) het nuwe lig gewerp op die genetika agter Suid-Afrikaanse beesvleis. Deur na spesifieke merkers in die DNA te kyk, kan ons nou voorspel hoe sag ’n dier se vleis sal wees nog voordat dit die plaas verlaat.

### Die “Skêre” en die “Remme”: Hoe Vleis Sag Word

Om die wetenskap te verstaan, moet ons kyk na wat met die spier gebeur nadat ’n dier geslag is. Sagtheid gaan nie net oor vet of ouderdom nie; dit is die gevolg van ’n natuurlike proses waar ensieme taai spiervesels afbreek terwyl spier in vleis omskakel.

Dink daaraan as ’n biologiese stryd tussen twee rolspelers:

**1. Kalpaïen (Die Skêre):**
Dit is natuurlik voorkomende ensieme wat soos piepklein skêre werk. Hulle taak is om die taai proteïene in die vleis tydens die verouderingsproses af te knip. Hoe meer aktief hierdie “skêre” is, hoe sagter word die vleis.

**2. Kalpastatien (Die Remme):**
Dit is ’n proteïen wat as ’n “rem” op die skêre dien. Dit keer dat Kalpaïen sy werk doen. Indien ’n dier baie hoë vlakke van Kalpastatien het, word die “skêre” geblokkeer, die spiervesels bly taai en die vleis bly minder sag.

**Die kernboodskap:** Vir die beste vleisgehalte wil ons aktiewe “skêre” (Kalpaïen) hê, maar “remme” (Kalpastatien) wat nie oormatig ingryp nie.

Die studie deur Basson *et al.* (2022) het spesifiek Suid-Afrikaanse beesrasse ondersoek om mutasies – klein variasies in die DNA – te identifiseer wat hierdie twee rolspelers beheer.

In die verlede moes telers raai watter diere die beste vleisgehalte sou lewer, of eers ná slagting uitvind. Nou kan ons, deur hierdie spesifieke genetiese mutasies te identifiseer, ’n Sagtheidstelling aan lewende diere toeken deur middel van ’n genomiese toets.



## Verstaan die Sagtheidstelling (1 tot 6)


Hierdie telling gee aan ’n teler ’n aanduiding van ’n dier se genetiese potensiaal om sagte vleis te produseer.

| Telling | Wat dit vir die vleis beteken | Die genetiese rede |
|---|---|---|
| 1 – 2 (Gemiddeld) | Standaard vleissagtheid. | Die "remme" (Kalpastatien) is sterk en vertraag die natuurlike versagtingsproses. |
| 3 – 4 | Goeie vleisgehalte. | ’n Gebalanseerde kombinasie; die vleis reageer goed op die normale verouderingsproses by die slaghuis. |
| 5 – 6 (Sagste) | Uitstekende vleissagtheid. | Die "skêre" (Kalpaïen) is baie aktief en die "remme" is minder aktief, wat optimale versagting moontlik maak. |

## Hoe Sag is die Suid-Afrikaanse Drakensberger?

Figuur 1 hieronder toon die verspreiding van die huidige genomiese bevolking van die Suid-Afrikaanse Drakensberger. Die meeste diere (50,5%) het ’n vleissagtheidstelling van 3, wat op gemiddelde vleissagtheid dui.

Verder het 21,4% van die diere ’n telling van 4, terwyl 2,3% ’n telling van 5 behaal. Dit wys dat daar reeds Drakensbergers in die bevolking is wat die genetiese aanleg vir bogemiddeld sagte vleis dra.




*Figuur 1: Verspreiding van vleissagtheidstellings in die Suid-Afrikaanse Drakensberger*

## Waarom dit vir jou kudde saak maak

Hierdie navorsing is ’n groot deurbraak vir merkerondersteunde seleksie (*Marker-Assisted Selection*). In plaas daarvan om slegs op ’n bul se voorkoms of groeivermoë staat te maak, kan telers nou ook ’n genomiese toets gebruik om sy genetiese potensiaal vir vleissagtheid te bepaal, benewens die vele ander voordele van genomiese toetsing.

- Voorspelbaarheid: Telers kan bepaal watter bulle die gene vir vleissagtheid aan hul nageslag sal oordra.
- Rasverbetering: Sanga-rasse soos die Drakensberger beskik oor unieke genetiese profiele. Hierdie navorsing help om die beste individue te identifiseer om die algehele vleisgehalte van die ras verder te verbeter.
- Toegevoegde waarde: Namate die mark al hoe meer na handelsmerkbeesvleisprogramme beweeg, kan die vermoë om ’n Sagtheidstelling van 5 of 6 te waarborg, ’n premieprys regverdig.

## Samevatting

Die werk van Basson *et al.* (2022) bewys dat vleissagtheid ’n hoogs oorerflike eienskap is. Deur vir die regte mutasies in die Kalpaïen- en Kalpastatien-gene te selekteer, kan Suid-Afrikaanse telers verseker dat die “Beste Suid-Afrikaanse Biefstuk” nie bloot die gevolg van geluk is nie, maar die resultaat van doelgerigte en verantwoordelike teel.



# *Boerdery nie net 'n beroep, maar 'n leefwyse*

*Geskryf deur Gerty Mostert*

A.J.P. Mostert en Seuns is 'n familieboerdery in die Platrand-omgewing waar tradisie, harde werk en 'n liefde vir die landbou van geslag tot geslag oorgedra word. Ons is 'n gemengde boerdery waar elke familielid sy of haar eie verantwoordelikheid het, maar almal saamwerk met een gemeenskaplike doel – om die boerdery sterker aan die volgende geslag oor te dra.


Die verhaal van ons boerdery begin by Oupa Arend Mostert, wat op die Plaas Groenvlei die eerste sade van die toekoms gesaai het. Byna net so vroeg het die Drakensberger-beesras deel van die boerdery geword. Vandag, dekades later, is die Drakensberger steeds 'n onmisbare deel van ons plaas.

Soos Oupa Arend altyd sê: *"Die Drakensberger is gehard en is goeie ma's vir hul kalwers. Hulle het uitstekende moedereienskappe."* Hierdie eienskappe is juis waarom die ras vandag nog met trots deel van ons kudde vorm.

Met verloop van tyd is die boerdery aan sy twee seuns, Niekie Mostert en Gerrit Mostert, oorgedra. Vir hulle is dit 'n groot voorreg om op dieselfde grond te kan boer waar hulle as kinders grootgeword het. Buiten die bestuur van die boerdery en die daaglikse uitdagings wat landbou meebring, lê daar nog 'n belangrike verantwoordelikheid op hul skouers – om die volgende geslag op te lei, hulle die fynere kuns van boerdery te leer en terselfdertyd ook belangrike lewenswaardes oor te dra.

Vandag is die hele familie betrokke by die boerdery. Arrie  en Adriaan is hoofsaaklik by die saaiboerdery betrokke, Gerty is by die vee, terwyl Marlie die boekhouding behartig. So bewys ons elke dag dat vele hande inderdaad ligte werk maak.

Benewens ons Drakensberger-beeste boer ons ook met Dohne Merino-skape en gewasse. Agter die skerms speel die vroue van die familie,





















Lida en Daleen, 'n onmisbare rol en bestuur hulle die Dohne Merino kudde met dieselfde passie en toewyding. Agter elke sterk man staan immers sterk vroue.

Die grootste voordeel van 'n familieboerdery is dat niemand ooit alleen staan nie. Wanneer daar min tyd is, help iemand om kospakkies te pak. As daar dringend hulp in die lande of by die vee benodig word, is daar altyd iemand wat kan inspring. Elke sukses en elke uitdaging word saam aangepak.

As iemand vra wat ons die meeste van die boerdery geniet, sal elke familielid waarskynlik 'n ander antwoord gee. Vir die een is dit die blink swart Drakensberger-kalf wat langs sy ma staan. Vir 'n ander is dit die vreugde wanneer die mielies in die stroopertenk val. En vir ander is dit eenvoudig die saamwees – die wete dat almal saam werk aan dieselfde droom.

Die grootste voorreg van alles is egter dat ons steeds vir Oupa Arend en Ouma

Kittie by ons het. As Oupa en grondlegger van die boerdery deel hy steeds sy wysheid, ervaring en liefde vir die landbou met die jonger geslag. Sy raad herinner ons daaraan dat 'n suksesvolle boerdery nie net oor grond, vee en oeste gaan nie, maar oor mense, waardes en die nalatenskap wat jy eendag agterlaat.

By A.J.P. Mostert en Seuns is boerdery nie net 'n beroep nie – dit is 'n leefwyse. Dit is 'n voorreg om elke dag saam as familie te kan werk, besluite te neem wat die beste vir die boerdery is, en met trots die Drakensberger-ras deel van ons verhaal te maak. Ons hoop om hierdie nalatenskap nog vir baie geslagte voort te dra.



# IDTrax Gebruikersgids

*Van Registrasie tot Bestelling van Entstowwe*

Indien jy 'n geregistreerde stoetteler is, kan jy met behulp van die volgende stappe by ID-Trax aanmeld via Logix.
**Let wel:** Alle diere wat op Logix geregistreer is, sal outomaties op IDTrax beskikbaar wees.

**Inligting wat jy moontlik benodig**

- RMIS GLN (Produksie-eenheidnommer)
- Jou veearts se GLN of naam
- Bestuurder-, voertuig- en sleepwalisensies (opsioneel – nie verpligtend nie)

**Stap 1: Maak die Logix-stelsel oop**

- Meld aan met jou:
  - Logix-gebruikersnaam
  - Logix-wagwoord
- Kliek op die "Go to IDTrax"-knoppie aan die linkerkant van die skerm.
- Jy sal outomaties na die IDTrax-webwerf geneem word.

**Stap 2: Voeg jou plaas/plase by**

- 'n Kaartskerm sal verskyn.
- Soek vir jou naaste dorp of gebruik jou GPS-koördinate om jou produksie-eenheid op te spoor.

Indien jy GPS-koördinate gebruik:

- Kliek op die "GPS Coords"-knoppie links langs die soekveld.
- Voer jou GPS-koördinate in.
- Let wel: Die "-" (minus) voor die GPS-koördinate dui die breedtegraad (Latitude) aan.

Voltooi daarna die volgende:

- Kliek op "Add Farm".
- Kies jou Portion (Gedeelte).
- Vul jou:
  - Plaasnaam
  - GLN-nommer in.
- Kliek op "Save".
- Kliek daarna op "Next Step" regs bo op die skerm.

**Stap 3: Ken jou diere aan 'n plaas toe**

- Die volgende skerm sal al jou diere wys wat op Logix geregistreer is.

Indien al jou diere op dieselfde plaas is:

- Gebruik die merkblokkie (checkbox) om al die diere gelyktydig te kies.

Indien jou diere op verskillende plase is:

- Kies die diere een vir een en ken hulle aan die korrekte plaas toe.
-

BELANGRIK VIR ENTSTOFBESTELLINGS:
Indien jy dringend entstof benodig, kan jy eers al die diere tydelik aan een plaas toeken om jou bestelling te plaas. Nadat die bestelling voltooi is, kan jy die diere weer aan hul onderskeie plase toeken.

- Nadat al die diere gekies is, kliek op "Allocate Selected Animals" regs onder op die skerm.
- Kliek daarna op "Next Step".



**Stap 4: Nomineer jou veearts**

- Die volgende skerm laat jou toe om jou veearts te kies.

Jy kan jou veearts soek volgens:

- GLN-nommer
- Praktyknaam
- Provinsie (aftreklys)
- Kies jou veearts.
- Kliek op "Save".
- Kliek op "Next Step".
- Kliek daarna op "Finish Guide".

**Stap 5: Bestel jou entstowwe**

Nadat die gids voltooi is, sal jy outomaties na die IDTrax Tuisblad (Dashboard) geneem word.
Aan die regterkant van die skerm sal die volgende kategorieë verskyn:

- Administratief
- Diere
- Bewegings
- Kuddegesondheid
- Kliek op Kuddegesondheid (Herd Health).
- Kies Entstofbestellings (Vaccine Orders).
- Kliek op "+ New Vaccine Order".

(Stap 5 vervolg)
Voltooi die volgende besonderhede:
Siekte

- Bek-en-klouseer (FMD)

Entstof/Behandeling

- Hierdie veld hoef nie ingevul te word nie.
- Die stelsel sal die toepaslike opsie outomaties invul.

Voorkeurveearts

- Kies jou genomineerde veearts uit die aftreklys.

Plaas GLN

- Kies jou GLN uit die aftreklys.

Hoeveelheid

- Vul die maksimum toegelate hoeveelheid in.
- Die maksimum hoeveelheid wat bestel mag word, word in geel onder die hoeveelheidveld aangedui.
- Kies die verlangde entstof.
- Bevestig die hoeveelheid.
- Hersien jou bestelling.
- Bevestig die afleweringsbesonderhede.
- Voltooi die bestelling.

**Stap 6: Volg jou entstofbestelling**

Jy kan die status van jou bestelling enige tyd volg.

- Meld aan op IDTrax.
- Gaan na die Tuisblad (Dashboard).
- Kliek op Kuddegesondheid (Herd Health).
- Kies Entstofbestellings (Vaccine Orders).

Hier kan jy:

- Die status van jou bestelling sien.
- Vorige bestellings nagaan.
- Jou volledige bestelgeskiedenis besigtig.



# Rietkol Drakensberger Stoet

## 'N NALATENSKAP WAT VOORTLEEF

*Artikel geneem uit die Noordwes Drakensberger nuusbrief van Julie 2026*

Daar is oomblikke in 'n mens se lewe wat baie meer as net 'n besigheidstransaksie is. Dit is oomblikke waar 'n nalatenskap van een geslag na die volgende oorgedra word. Vandag is so 'n dag vir ons.

Met groot nederigheid, opregte dankbaarheid en ongelooflike opgewondenheid wil ons aankondig dat ons, **Tiaan Niemandt** en **Chante van Staden**, die voorreg ontvang het om die **Rietkol Drakensberger Stoet** van **Oom Piet de Villiers** oor te neem.

Hierdie is nie die begin van 'n nuwe stoet nie – dit is die voortsetting van een van die ras se besonderse stories. Daarom bly die naam **Rietkol** onveranderd. 'n Naam wat oor baie jare met harde werk, integriteit, deursettingsvermoë en 'n onwrikbare liefde vir die Drakensberger opgebou is.

Ons sal die stoet voortaan bestuur as **Rietkol op TC Legacy Livestock**. Die woord **Legacy** is doelbewus gekies, want ons grootste doel is nie om Oom Piet se werk te vervang nie, maar om sy nalatenskap te beskerm, uit te bou en eendag met trots aan nóg 'n volgende geslag oor te dra.

'n Mens koop beeste, maar jy kan nie sommer dekades se ervaring, wysheid en instink koop nie. Daarom is ons besonder dankbaar dat **Oom Piet steeds 100% deel van die Rietkol-familie bly**. Sy leiding, kennis en passie is van onskatbare waarde, en ons sien daarna uit om nog baie by hom te leer. Sy ervaring is die fondasie waarop ons met groot respek wil voortbou.

Vir jong telers soos ons is hierdie 'n voorreg wat min mense ooit beskore is – om met 'n stoet van hierdie gehalte as vertrekpunt te begin. Ons besef die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan en ons aanvaar dit met nederigheid. Ons droom is om die standaarde wat Oom Piet gestel het, nie net te handhaaf nie, maar om daarop voort te bou sodat




Rietkol nog vir baie jare sinoniem sal wees met funksionele, vrugbare en uitstaande Drakensberger-genetika.

Die Rietkol-stoet het ook 'n nuwe tuiste gevind op **Hartebeesfontein IQ38, Vlakdrif (Magaliesburg)**. Hier loop die **Rietkol**- en **Bonheim**-stoete letterlik langs mekaar, slegs deur 'n draad geskei. Vir ons simboliseer dit meer as net bure – dit simboliseer samewerking, gedeelde waardes en 'n gesamentlike strewe om die Drakensbergerras verder te bevorder.

Aan Oom Piet wil ons uit die diepte van ons harte dankie sê. Dankie dat Oom nie net 'n stoet aan ons toevertrou het nie, maar ook die voorreg om deel van Oom se lewenswerk te word. Dankie vir die vertroue,









die geloof in ons en die bereidwilligheid om steeds saam met ons hierdie pad te stap.

Ons wil ook ons opregte dank uitspreek teenoor die Noordwes Drakensberger-gemeenskap vir die hartlike ontvangs wat ons reeds ervaar het. Ons sien daarna uit om saam met mede-telers te leer, by te dra en die ras met trots te dien.

Ons glo dat die mooiste nalatenskap nie gemeet word aan die aantal diere wat ‘n mens besit nie, maar aan die waardes, kennis en passie wat jy in ander agterlaat.

**Rietkol se verhaal eindig nie hier nie. Inteendeel – ‘n nuwe hoofstuk begin. Met dieselfde waardes. Dieselfde passie. Dieselfde naam. En met Oom Piet se nalatenskap wat steeds die hart van Rietkol sal bly.**

Tiaan Niemandt & Chante van Staden
Rietkol op TC Legacy Livestock



*Môre Chante en Tiaan, baie dankie vir hierdie skrywe, julle laat my half verleë en tog dankbaar voel, dat ons by hierdie oomblik is.*
*Wat ek vir julle gee is ‘n onwrikbare geloof in GOD, wat vir ons Viljee’s die kennis en deursettingsvermoë gegee het om vir 85 jaar aan ons geliefde Drakensberger bees te help bestaan en ontwikkel.*



# RMIS Naspeurbaarheidsplatform

## Stap-vir-Stap Registrasiegids

Hierdie gids verduidelik hoe om 'n Produksie-eenheid op die RMIS Naspeurbaarheidsplatform te registreer.

Inligting wat benodig word voordat jy begin
Maak seker dat jy die volgende gereed het:

- Selfoonnommer
- Plaasnaam
- Plaasligging
- GPS-koördinate van die plaas
- Veespesie(s)

<u>Inligting wat benodig word wanneer jy weer wil aanmeld</u>
Gebruik jou geregistreerde selfoonnommer en verifieer jou rekening met die OTP (eenmalige PIN) wat per SMS na jou selfoon gestuur word.

**Stap 1: Maak die RMIS-webwerf oop**

- Gaan na die RMIS-webwerf: <u>www.rmis.co.za</u>

**Stap 2: Registreer jou profiel**

- Registreer met jou selfoonnommer.
- Verifieer jou rekening deur die OTP in te voer wat per SMS na jou selfoon gestuur is.

**Stap 3: Identifiseer jou ligging**

- Nadat jy aangemeld het, sal die Tuisblad (Dashboard) verskyn.
- Op hierdie skerm sal jy 'n ikoon sien met die naam "Identify Location".
- Kliek daarop om voort te gaan.

**Stap 4: Kies jou produksie-eenheid**

- Kies die toepaslike produksie-eenheid.
- Indien jy meer as een produksie-eenheid het, kan jy ook die ander opsies registreer.

Die volgende opsies is beskikbaar:

- Gemeenskaplike grond
- Plaas
- Voerkraal
- Veilingsagentskap
- Abattoir
- Verwerker
- Toetsstasie
- Veearts
- Kliek daarna op die "Next"-knoppie regs onder op die skerm.
- 'n Skerm sal verskyn wat verduidelik hoe om jou produksie-eenheid te kies.

**Stap 5: Vul jou plaasligging in**

- Tik jou plaasnaam of die naaste dorp in die soekveld links op die kaart.
- Kies daarna die gedeelte ("Portion") waarin jou produksie-eenheid geleë is.
- Kliek op "Next" regs onder op die skerm.
- Volg daarna die instruksies op die skerm en voltooi die volgende afdelings:

Plaasgrense / Plaasbesonderhede
Verskaf die volgende:

- Of jy die eienaar is of die plaas huur
- Die naam van die produksie-eenheid waarvoor die GLN toegeken moet word



# RMIS Naspeurbaarheidsplatform (vervolg)

(Stap 5 vervolg)

Kies jou plaastipe(s)
Merk die toepaslike opsies, byvoorbeeld:

- Beeste
- Skape
- Bokke
- Pluimvee
- Wild
- Suiwel
- Graan
- Varke
- Ander

Kontakbesonderhede

- Kies of die registrasie op naam van 'n:
- Individu, of
- Maatskappy

Voltooi daarna:

- Voornaam
- Van
- Telefoonnommer
- E-posadres

Kliek vervolgens op "Next".

**Stap 6: POPIA-nakoming**

- 'n Opspringvenster sal verskyn.
- Lees die bepalings en voorwaardes en gee toestemming deur dit te aanvaar.

**Stap 7: Ontvang jou GLN**

- Sodra jou registrasie goedgekeur is, sal RMIS 'n Global Location Number (GLN) aan jou produksie-eenheid toeken.
- Jou GLN sal via WhatsApp aan jou gestuur word.

**Stap 8: Gebruik van jou GLN**

- Gebruik jou GLN in versoenbare stelsels soos IDTrax om die naspeurbaarheid van jou vee te bestuur.



# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!

**PLATINUM**

Voermol

**SILWER**

ZooOmics™

MOLATEK

GALLAGHER™

VLEISSENTRAAL

**BRONS**

Virbac

zoetis

LIONEL'S
VETERINARY SUPPLIES

unistel®
Medical Laboratories



# Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid) 082 774 4952 | Johan Botha - 082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick - 071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid) 083 300 1131 | Thys Fourie - 083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala 083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser - 082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl - 083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid) 082 857 5022 | Arnold Durr – 082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid) 082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie - 082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid) 082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit, +264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid) 082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff - 078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **NOORDWES** | | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| **GAUTENG** | | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.






**BLACK FOX** BF
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS** BH
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLYDE** DBB
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE** SS
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM** BO
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.
com

**BRAKENJAN** FD
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY** BV
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA** JJ
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA** C
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM** D
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL** DK
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D** XWX
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE** AAD
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX** RG
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON** F
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.
co.za

**GRASMUNT** CL
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET** G
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK** PU
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL** VN
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL** HAS
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE** HP
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS** CH
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE** SL
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT** HN
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.
co.za

**INFRACOR** IR
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za



## Stoettelers
(vervolg)

**JESUMAR** **LL**
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY** **MM**
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE** **BJ**
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA** **BZ**
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU** **JR**
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA** **NB**
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS** **NBD**
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE** **NY**
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN** **JP**
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG** **PV**
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN** **QH**
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA** **JDE**
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL** **R**
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS** **GR**
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE** **JE**
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME** **NW**
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI** **SK**
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SMOKEY MOUNTAIN** **QJO**
MACHADODORP
Dr Quinton van Oudtshoorn
082 888 5688
quintonvo37@gmail.com

**SSENDRA** **TD**
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN** **T**
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL** **MF**
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS** **VD**
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND** **VL**
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG** **U**
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

### BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA

